
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 16




Sowat twintig tree van die eerste skip af voel dit vir hulle of die gloed van die lampe sterk op hulle val, maar Oloff weet dat iemand wat van die skip af na hulle kant toe kyk, niks sal kan onderskei nie. Elkeen trek 'n paar stukke bamboes en grastoue oor sy kop en sak af totdat net sy neus bo water bly. Hulle vorder nou veel stadiger om die indruk te skep dat die bondel goed maar net los dryf. Versigtig druk hulle tussen die skepe in. Heel voor in die middel lê die vlagskip en sonder twyfel aanvaar hulle dat die tien miljoen Gulden daarop gelaai sal word.

In alle geval word die koffers op een van die ander skepe geplaas, sal die vlot eenvoudig daarheen dryf. In die donkerte beweeg hulle geruisloos vorentoe.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 16



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Armband | 3 |
| 2. | Die Luistervink | 23 |
| 3. | Haar Vergissing | 31 |
| 4. | Mes op die Keel | 47 |
| 5. | 'n Sluwe Set | 54 |
| 6. | "Ek tel Vier!" | 67 |
| 7. | Ontnugtering | 74 |
| 8. | Skraal in die Troos | 85 |


## Hoofstuk 1

Die deurwag frons. Hy skud sy kop en kyk langs die ry reuse marmerpilare af op die groot voorstoep van die paleis van burggraaf De Mentz. 'n Enkele lamp brand op die stoep. Net hier en daar is 'n venster verlig. Uiterlik wil dit voorkom asof die rus van die nag op die luukse woning neergedaal het.

Maar dan dwaal sy oë weer na die paar perde in die donker skaduwees van die slanke sipresse langs die hoofingang na die binneplaas. Die ruiters het kort voor middernag een vir een opgedaag. Hulle was almal in gewone rydrag geklee en die deurwag het aanvanklik gemeen dat hulle maar vryers van die paleisbediendes is. Maar toe hulle op die voordeur afpyl en hy 'n paar van hulle herken, het hy geskrik. Terselfdertyd het die hoofportier te voorskyn gekom en hulle binnegelaat.

Weer skud die deurwag sy kop. Een van daardie ruiters is die Hertog van Orléans. Hy sal daardie hooghartige gesig enige tyd herken. Die Hertog het al dikwels besoek by die Burgergraaf afgelê, maar dan was dit met pronkperde daarvoor.

Hy kon hulle gelaatstrekke in die dowwe lig nie te goed sien nie. Maar hy twyfel nie daaraan dat hy ook die graaf De Auvergne herken het nie. Hierdie jong edelman is net so 'n gereelde besoeker aan die Burggraaf. Die deurwag voel seker dat hy hom nie misgis nie.

En hierdie dinge hinder hom. Hulle het sonder gevolg laat in die nag opgedaag–asof hulle die besoek wil geheim hou. Hy voel amper ongeduldig omdat hy met hierdie ontstellende gedrag van die edellui belas moet word. Hy wil liewers niks van hulle sake af weet nie. Dit stem hom onrustig, want hy kry die indruk dat alles nie pluis is nie.

Parys het skaars bedaar van die feesvieringe wat gevolg het op die kroning van hul jong koning. Die hele volk het gejuig. Die

deurwag het saam met hulle 'n toekoms van vrede en oorvloed vir hom en die hele land gesien.

En nou gebeur hierdie dinge. Soos diewe in die nag, besoek 'n paar van die magtigste edellui die burggraaf De Mentz, Minister van die Kroon, die man wat naas die Koning die meeste gesag in Frankryk het.

Hy sug diep, stap 'n paar tree met die stoep af, maar swaai om toe die agter hom oopgaan.

Die hoofportier wink. Haastig stap hy nader.

,,Jy mag gaan," beveel die portier kortaf. ,,En ek sal verkies dat jy niks rep oor hierdie laat besoeke nie."

,,Maar natuurlik nie. Ek . . ."

,,Trouens," val die portier hom koel in die rede, ,,jy sal met jou kop daarvoor boet as ek uitvind dat jy oor jou meester se sake gesels."

Die deurwag skrik. Sy lippe bewe effens.

,,Maar ek . . . ek . . ."

,,Ek weet jy sal nie praat nie," sê die portier ietwat neerbuigend. ,,Daarom sal ek jou ook met die besonderhede vertrou. Die ruiters wat vanaand hier is, is voormanne van Sy Eksellensie se landgoed in Provénce. Sy Eksellensie wil by hulle uitvind wat die gesindheid van die mense daar in hul kontrei is. Hy wil egter nie laat uitlek dat hy navraag doen nie; daarom moet ons dit ook nie doen nie, of hoe?"

,,Natuurlik! Natuurlik!" beaam die deurwag haastig en oortuigend. Maar toe hy van die stoep afstap, skud hy weer sy kop. Dit is maar moeilik om te glo dat die Hertog van Orléans en die graaf De Auvergne voormanne van die burggraaf De Mentz is.

Die portier kyk die wag agterna. Hy hoop nie dat die vent sal gaan praat nie. Hy behoort hom vroeër vanaand reeds laat gaan het, maar hy het van hom vergeet toe hy die ander bediendes na hul kwartiere gestuur het. Sy Eksellensie het hom uitdruklik versoek om te sorg dat die binneplaas en die gange verlate is wanneer die besoekers aankom. En as dit Sy Eksellensie se begeerte is, is dit





die portier se plig om dit so uit te voer. Hy is jare lank reede in die Burggraaf se diens en het al geleer dat dit verreweg die beste beleid is om sy oë en sy ore en sy mond toe te hou wanneer hy met die adelstand te doen het. Hy weet dat sy meester hom kan vertrou en dit is ook daarom dat hy kennis dra van nagtelike besoeke en geheime ontmoetings wat die Minister in 'n netelige posisie sou plaas as die verkeerde persone daarvan te hore kom.

Gedurende die paar jaar voor die kroning van prins Etienne, het die portier agtergekom dat die bedrywighede wat in sekere kringe aan die gang was, nie eintlik toegespits was op die welsyn van die jong Kroonprins nie. Maar met die kroningsplegtigheid verlede week het die portier half aanvaar dat indien daar enige pogings was om die kroning te verhoed, sulke komplotte misluk het.

Hy stap in die dofverligte gang af. Onder die deur aan sy regterkant skyn 'n skrefie lig deur. Hy hoor stemme daarbinne, maar kan die woorde nie onderskei nie. Net vir 'n oomblik aarsel hy, maar dan berispe hy homself streng en stap verder.

Agter die geslote deur van die ruim leeskamer staan burggraaf De Mentz langs 'n tafel waarom vyf mans sit. 'n Oomblik van stilte het in die vertrek gedaal, maar die besoekers kyk die Minister met afwagting aan. Hulle houding is gespanne. Hulle weet dat sy volgende woorde die doel van hierdie byeenkoms sal openbaar.

,,Frankryk moet oorlog verklaar teen Holland!" De Mentz lê nadruk op elke woord.

Hulle sit verstom. So gewigtig is die stelling dat een of twee van hulle skielik glimlag omdat hulle die moontlikheid oorweeg dat die Burggraaf skerts—maar dan besef hulle dat hy dodelik ernstig is.

,,Oorlog!" Dit is die bejaarde Hertog van Orléans, die oudste onder hulle, wat so uitroep. ,,Ek verstaan nie, De Mentz."

,,Maar dit is tog eenvoudig," antwoord die Burggraaf vinnig, soos een wat op elke vraag voorbereid is. ,,Dit is in belang van ons land—en tot voordeel van elkeen van ons."

,,Moontlik," gee die Hertog toe. ,,Jy het blykbaar daaroor nagedink. Maar wat jy vergeet, is dat dit nie meer 'n jaar gelede is

toe ons miskien by magte sou gewees het om so 'n plan deur te voer nie. Ek moet jou herinner aan 'n plegtigheid wat 'n paar dae gelede plaasgevind het. Etienne sit vandag op die troon van Frankryk.''

,,'n Jong bog!'' roep een van die ander tussenin, maar die Burggraaf knik net asof hy die Hertog se aanmerking intelligent vind en asof hy bly is dat dit gemeld is.

,,'n Jong bog, ja,'' gee die Hertog toe, ,,maar Etienne het proklamasies laat uitvaardig en hy het beloftes in die openbaar gedoen waarin hy 'n heilige eed geneem het om die land in vrede te regeer. En soos ek hom ken, is hy heeltemal ernstig. Nee, dit sal nie maklik wees om hom van voorneme te laat verander nie.''

,,Moontlik.'' Die Burggraaf haal sy skouers op. ,,Maar dit is juis as gevolg van daardie beloftes van Sy Majesteit dat oorlog nou verklaar moet word—nou solank daardie beloftes nog helder in die ore van die volk weerklink.''

,,Met ander woorde,'' sê die Hertog stadig, ,,jy wil aan die hand doen dat Frankryk in die oorlog gedompel word net omdat Etienne openbare beloftes . . .?'' Maar onderwyl hy besig is om die woorde te uiter, tref die implikasies daarvan hom. Hy laat sy kop sak en sit ingedagte. Ook die ander begin agterkom waarop die Burggraaf besig is om af te stuur.

,,'n Goeie begrip . . . '' begin die Burggraaf met 'n tevrede glimlag, en laat die sin onvoltooid. Dan vervolg hy: ,,Etienne het 'n sterk wil. Voor die kroning het ons alles in ons vermoë gedoen om die toekoms van ons land onder bekwamer leiding te plaas.'' Hy knik na die jong graaf De Auvergne. ,,Jou broer, Graaf,'' sê hy sedig, ,,het glo byna daarin geslaag om hierdie doel selfs op die laaste oomblik te bewerkstellig. Hy was ons dierbare en goeie vriend. Ons weet dat indien hy vandag op die troon gesit het, hy te alle tye 'n toegeneentheid vir ons raad en voorstelle sou getoon het. Maar ongelukkig het dié geluk Frankryk nie getref nie en jou broer is nie meer met ons nie. Ons is nogtans dankbaar dat jy vanaand gekom het.''

Die graaf De Auvergne knik beleef en erkentlik. Dit is maar





skaars 'n week vandat hy hoof van die Huis De Auvergne geword het. Maar van jongs af leef hy reeds in 'n wêreld van intrige en komplot. Hy pas in hierdie groep.

,,Die feit bly staan dus,'' merk hy nou op, ,,dat Etienne wel die magsposisie beklee en dat hy 'n sterk, koppige wilskrag het.''

,,Juis daarom!'' roep De Mentz heftig uit, ,,daarom moet die volk se vertroue in hulle nuwe jong heerser geskok word. Hulle moet besef dat dit na ons is wat hulle moet opsien vir leiding.''

,,En dit gaan ons bewerkstellig deur oorlog met Holland?'' vra die Hertog van Orléans effens droog.

,,'n Oorlog wat die koffers van Frankryk tot oorlopens toe sal vul,'' verseker die Burggraaf hom. ,,'n Oorlog wat glorie en eer vir ons leërs sal meebring.''

Daar is 'n vonkeling in die oog van die jong De Auvergne. Dit is asof hy homself reeds aan die spits van die seëvierende troepe sien en die aanbiddende volk om hom hoor juig. Maar die bejaarde Hertog skud steeds sy kop.

,,Dit is nog oorlog,'' sê hy sedig. ,,En oorlog bring ellende en lyding.''

,,Die slag sal nie op Franse grond gelewer word nie,'' werp die Burggraaf teë. ,,Grotendeels sal dit op see wees. Ons weet almal dat die Hollandse Oos–Indiese Kompanjie nie meer is wat dit was nie. Hul seemag is verswak deur hul oorlog met Engeland. Ons, die Engelse en ook die Spanjaarde deel vandag in die handel met die Ooste—Holland het nie meer die monopolie nie. Maar dink julle dat enigeen van die vier—en dit sluit ons in—tevrede gaan wees met 'n kwart van die bedryf?''

Hy skud sy kop en kyk stip van die een na die ander. Hy verwag nie 'n antwoord nie, want hy weet dat sy woorde nie weerlê kan word nie.

,,Nee,'' vervolg hy. ,,Engeland sal voortgaan om al hoe meer van die handel vir haarself in te palm; die Hollanders sal probeer om terug te kry wat hulle verloor het. Dit sal 'n lang, bitter stryd wees tensy . . .'' weer aarsel hy voor hy afgemete vervolg: ,,...

Tensy twee van dié moonthede hul kragte verenig."

,,En ons moet nou met geweld die Hollandse vloot by ons s'n voeg?"

,,Onmiddellik!" roep die Burggraaf uit. ,,Ons moet onmiddellik stappe in daardie rigting doen. Want glo my, ons is nie die eerste wat tot daardie gevolgtrekking gekom het nie."

,,Natuurlik," laat die Hertog van Orléans hoor, en dit lyk nou asof hy oortuig word. ,,Daar is sterk sprake van 'n huwelik tussen prins Karel van Holland en prinses Magrita van Spanje."

Die Burggraaf verwerdig hom nie om hieroor uit te wy nie. Die gevolge van so 'n gebeurtenis is vir almal duidelik. Nogtans sê De Auvergne:

,,Maar is daar nie 'n vreedsame manier waarop ons ons doel kan bereik nie?"

,,Dit sal vernederend wees!" De Mentz klink amper ongeduldig. ,,As die stadhouer van Holland enige vreedsame gevoelens teenoor ons gekoester het, kon hy minstens ook 'n besoek aan die Franse Hof gebring het voordat hy by Magrita gaan vlerksleep het. Wil jy vir my sê dat hy onbewus is van die feit dat Marie-Celeste 'n suster van die heersende vors van Frankryk is en dat sy hubare ouderdom bereik het?"

,,Dit is eintlik 'n belediging," staaf die Hertog hierdie bewerings en ná 'n oomblik van stilte skuif hy sy stoel agteruit en staan op. Hy rek sy bene. ,,Nou maar goed," som hy op. ,,Ons verower Holland en verenig ons vlote. Dit verskaf ons 'n magsposisie op see en in die handel met die Ooste. Dit is, soos jy in die begin gesê het, tot voordeel vir ons land."

,,Nie net dit nie," val De Mentz hom in die rede. ,,Daardeur sal dit ook blyk dat ons," en sy blik rus op elk van hulle ,,dat ons," herhaal hy, ,,die werklike leiers van Frankryk is. Etienne sal bloot ons spreekbuis wees."

,,Reg." Die Hertog knik. ,,Maar jy het ook gepraat van ons persoonlike voordeel."

,,Dit volg tog vanselfsprekend!" roep die Burggraaf uit.





,,Ons het tog almal aandele in die Franse Oos–Indiese Kompanjie. Elkeen van ons wat dus die beweging steun wat tot die samesmelting van die vlote sal lei, sal voorkeur geniet by die uitbreiding van sy belange."

Hulle knik. Hulle weet goed dat hulle nie 'n dooie duit sal hoef te betaal vir hulle deel nie. Dit klink goed.

,,Maar," keer die Hertog hul gedagtegang. ,,Etienne sit nog op die troon."

,,Hy sal geen keuse hê nie," beweer De Mentz heftig.

,,Tog het hy," antwoord die Hertog droog. ,,Hy het volle keuse."

,,Verhoudings in die Ooste is reeds gestrem," sê die Burggraaf ernstig. ,,Kort–kort hoor ons van voorvalle waar die verskillende vlote met mekaar bots."

,,Dit is bloot roetine. Dit geld vir Engeland en Spanje ook."

,,En Etienne sal sy bes doen om 'n einde aan die wrywing te maak," voeg die graaf De Auvergne by. ,,Hy het dit tog immers beloof—om vrede te bewaar."

,,In alle geval," meen 'n ander, ,,insidente van daardie aard kan tog sekerlik nie as rede vir oorlog aangevoer word nie. In daardie geval moet ons ook 'n ultimatum aan Engeland en Spanje uitreik."

De Mentz gee hulle die geleentheid om hul besware te opper. Eers toe hulle met geen verdere argumente te voorskyn kom nie, antwoord hy.

,,Julle het volkome gelyk. Op grond van die huidige toestand sal ons Etienne nie beweeg nie en sal ons onsself bespotlik maak. Maar ingeval daar 'n voorval moet wees wat direk en blykbaar met voorbedagte rade teen ons gemik is . . . " Hy maak 'n gebaar met sy hande asof hulle tog moet verstaan wat hy bedoel. En hulle verstaan.

,,Jy wil so 'n insident skep?" verneem die Hertog.

,,Ja"

,,Ek neem aan dat jy reeds iets in gedagte het?"

,,Natuurlik. 'n Hollandse skip sal 'n verraderlike aanval op 'n

paar van ons handelsvaarders doen."

,,O." Die Hertog van Orléans lig sy wenkbroue op. ,,Jy bedoel ons skryf 'n bietjie aan die Admiraal van die Hollandse vloot en versoek hom om 'n paar van ons handelsskepe te laat sink."

Die Burggraaf glimlag. Die feit dat hy 'n antwoord op al hierdie vrae 'n oplossing het vir die struikelblokke wat vir die ander onoorkomelik lyk, stem hom in goeie luim.

,,Nee. Maar iemand hier in Parys sal wel instruksies van 'n Hollandse admiraal ontvang."

,,Hier?" roep De Auvergne uit. ,,Maar dit sal niks baat nie! Wat sal dit help om een van ons skepe met 'n Hollandse vlag toe te rus en ons eie handelsvaarders daarmee aan te val."

,,Dit sal 'n Hollandse skip wees."

,,Maar wie is daar in Parys wat . . .?"

,,Oloff van Wagenaar!"

Weer staar hulle hom verstom aan. Dan bars hulle na 'n storm besware los.

,,Oloff die Seerower!" begin De Auvergne.

,,Kaptein Oloff van Wagenaar van die Hollandse vloot keer die Burggraaf hom.

,,Dit maak nie saak nie," hou De Auvergne vol. ,,Hy staan op troue met Rynette du Bois, die beste vriendin van prinses Marie-Celeste. Hy is 'n persoonlike vriend van Etienne. Dit word dan beweer dat as dit nie vir hom was nie, sou Etienne vandag nie op die troon gesit het nie.

Hy . . ."

,,Ja, ja," val die Burggraaf hom in die rede. ,,Ons weet dit almal. Of dit waar is of nie, maak nie saak nie. Maar Oloff is 'n Hollander. Hy is 'n kaptein van die Hollandse vloot. Hy sal tog nie teen sy eie mense veg nie. As die twee lande in oorlog gedompel word, sal hy sy eie kant kies."

,,Moontlik, maar met so 'n aanval mag daar gedink word dat hy teruggekeer het tot seerowery."

,,Dit is blykbaar bewys dat hy in werklikheid nooit 'n seerower





was nie," antwoord die Burggraaf. ,,Maar dit maak nie saak nie. Laat hulle so dink. Solank ons net bewys lewer dat hy wel op bevel van 'n admiraal van die Hollandse Vloot gehandel het . . ."

,,Maar hoe op aarde gaan ons dit regkry?"

De Mentz glimlag. Hy stap na 'n lessenaar en uit 'n versteekte luikie haal hy 'n paar dokumente te voorskyn. Hy bring dit en stryk dit op die tafel oop. Niemand vra verder uit nie. Belangstellend leun hulle nader.

,,Ek het gedurende die afgelope paar dae 'n bietjie navorsing gedoen," verduidelik die Burggraaf. ,,Ons ken almal van Wagenaar se omstandighede. Sy skip, die Seewraak, lê met sy Rouen voor anker en hy luier hier in Parys rond onderwyl voorbereidings vir sy huwelik met Rynette getref word." Hy aarsel. ,,Afgesien van alles," merk hy dan op, ,,behoort ons dit as ons plig aan te voel om haar te red van . . . "

,,Dit het ek met jou eens!" roep die jong graaf De Auvergne vurig uit. ,,Dat 'n uitlander kan wegloop met die edelste blom..!"

,,Ons sal liewer nie uitwy oor Rynette se voortreflikhede nie," keer die Burggraaf hom. ,,Ons is almal daarmee bekend. Maar soos ek gesê het: ek het 'n bietjie navraag gedoen. Hierdie Van Wagenaar is ook 'n persoonlike vriend van admiraal Rynhardt te Hoogen van die Hollandse Vloot. In ons amptelike leggers het ek briewe gevind wat daardie einste jong admiraal namens die Hollandse Oos–Indiese Kompanje in verband met sekere handelsake aan ons gerig het. Hy het toe twee briewe laat opstel," vervolg hy dan saaklik en asof verdere oortuiging nie meer nodig is nie. ,,Môre sal ek Etienne gaan spreek. Ek sal hom daarop wys dat sake tussen ons en Holland nie te rooskleurig lyk nie. Ek sal hom daarop wys dat die teenwoordigheid van hierdie kaptein Oloff nie heeltemal wenslik is nie."

,,Maar dink jy Etienne sal hom aan jóu waarskuwing steur?" vra die Hertog. ,,Alles klink vir my goed. Maar jy kies 'n man wat te na aan die troon is, iemand wat volgens bewerings reeds sekere dienste aan Etienne bewys het."